

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 111 19 Mei 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


REDAKSIONEEL

Feite en waarheid

Die verskil tussen feite en waarheid lyk met die eerste oogopslag onbenullig. Tog is feite soveel minder as die waarheid. Inteendeel, feite kan goed ingespan word om die leuen te vertel en selfs te verskans. Net die regte kombinasie van feite kan 'n saak totaal omkeer. Jou perspektief kan die waarheid of die leuen dien.

Neem as voorbeeld die storie van die man wat 'n seuntjie red. Die seun stap in die straat en word deur 'n aggressiewe Rottweiler aangeval. Die man is toevallig teenwoordig en gebruik sy jagmes om die hond dood te steek. Twee koerante hoor van die storie. Die eerste is 'n koerant wat groot waardering het vir kinders. Die koerantopskrif lui: "Held red seun van wrede hond". Die ander koerant is liberaal, hou nie van jagters nie en borg die DBV. Die opskrif van die berig lui: "Brutale boer vermoor troeteldier".

Die keuse van feite gaan deur die perspektief van die persoon bepaal word. Die nuwe alternatiewe geskiedenis van die RSA is een so 'n voorbeeld. Nuwe perspektiewe maak dat ander feite gekies word en dat sekere feite anders interpreteer word.



Dit is waar dat elke saak ten minste drie kante het: "Jou kant, my kant en die waarheid". Hierdie woorde dui op die verskeidenheid perspektiewe. Tog is daar oordele wat nader aan die waarheid lê as ander.

Per slot van sake is daar net Een Waarheid. God is die waarborg vir die waarheid. Hy sien alles, weet alles en ken alles. Hy weet wat die waarheid is. Hy openbaar ook iets van die waarheid aan ons. Ons kan iets van die waarheid in die Skrif terugvind. Om Skrifgetrou te wees, is om nader aan die waarheid te wees. Dit is die kerk se taak om by die waarheid te bly. Jesus stel met goeie rede in Johannes 14:6 die volgende: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie". In die 500ste herdenkingsjaar van die Reformasie word die wekroep van "sola Scriptura" weer beklemtoon.

Die feite rondom Jesus se afwesigheid by sy eie graf is gebruik om beide 'n leuen te verkondig en om die Waarheid bekend te maak: Die leë graf – Die priesterhoofde stel dat Jesus se dissipels die lyk gesteel het; Die dissipels jubel, want die Waarheid het opgestaan. Dit is vanuit die Skrif, en net vanuit die Skrif wat die waarheid van die opstanding duidelik geword het. Feite en

anekdotes is nie genoeg rede om die eis van Skrif alleen agterweë te laat nie.

Die verbintenis van feite en waarheid bly van belang. Sonder feite sal die waarheid nie maklik gevind kan word nie. Juis daarom moet feite verstaan word as instrumente om die waarheid bloot te lê. Onthou die feite en dra hulle oor na die volgende geslag, dalk het hulle 'n beter perspektief. Hierdie gedagte geld veral ook vir die feite rondom die aanvaarding van beskrywingspunt 54 in die NHKA se AKV in 2010. Die feite, en daarom saam die waarheid van daardie besluit en vele ander besluite daarna, word steeds van lidmate weerhou.

Feite kan geplooi word. Die waarheid bly die waarheid. Al snel die leuen voort en stoomroller alles in sy pad, die waarheid sal hom altyd agterhaal.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

GEMEENTENUUS BEROEPNUUS

Ds Grawie Wolmarans van Oostelike Pietersburg het 'n beroep ontvang na gemeente Wilge in Potchefstroom.

Hy het besluit om die beroep te aanvaar.

Ds Wolmarans se afskeid van Oostelike Pietersburg geskied op 25 Junie 2017 en sy ontvangs te Wilge Potchefstroom is op Saterdag 29 Julie 2017.

KENNISGEWING: BONDSVERGADERING 2017 SCHWEIZER RENEKE

Geagte Kerkraad,

Volgens die reglement van orde moet die sakelys van die Bondsvergadering minstens een maand voor die aanvang van die vergadering aan alle afgevaardigdes versend word. Met die oog op die

samestelling en finalisering van die sakelys word die volgende sake onder u aandag gebring.

BESKRYWINGSPUNTE

Alle beskrywingspunte moet ds Frans Marais (skriba@geloofsbond.org.za) teen 19 Junie 2017 bereik. U word versoek om asseblief die aangehegte formaat te gebruik vir u beskrywingspunt. U word verder versoek om u beskrywingspunt so te formuleer asof dit 'n besluit is wat die vergadering neem en verder dat daar by elke beskrywingspunt 'n deeglike motivering aangebied word waarom die vergadering so 'n besluit moet neem. Om die vergadering sinvol in te rig, word elke kerkraad en komitee versoek om ernstig aan genoemde saak aandag te skenk.

VERSLAE

Elke komitee van die Geloofsbond word herinner aan die verslae wat in die sakelys vir die Bondsvergadering opgeneem moet word. Hierdie verslae moet volledig terugvoer gee van werksaamhede verrig gedurende die jaar. Indien die verslae enige voorstelle en besluite bevat wat deur die vergadering goedgekeur of bespreek moet word, word u versoek om die voorstelle en besluite duidelik in die verslag aan te dui om dit sodoende makliker te maak vir die voorsitter om die besluite en voorstelle aan die vergadering te stel.

Hierdie verslae moet ds Frans Marais (skriba@geloofsbond.org.za) teen 19 Junie 2017 bereik.

ADMINISTRASIE

Met die oog op die administrasie verwys ek u graag na die skrywe gedateer 6 April 2017. U word daaraan herinner dat alle geloofsbriefe die skriba voor of op 28 Mei 2017 moet bereik.

Die volgende reëlings is van toepassing:
DATUM 3; 4 & 5 September 2017.
PLEK Gemeente Schweizer Reneke.
SITTINGSURE Registrasie vind plaas op Sondag 3 September vanaf 16h00. Sittingsure vir Maandag en Dinsdag sal gefinaliseer word.
KOSTES R550/afgevaardigde.

Dr Otto laat weet: Na aanleiding van 'n versoek dat die GHG vergadering na Pretoria moet verskuif, 'n versoek wat in *Koers in leer- en lewenskwesties* gepubliseer is, reageer ek graag namens die GHG dagbestuur.

Die dagbestuur het die saak indringend bespreek tydens die Januarie vergadering wat in Oostelike-Pietersburg plaasgevind het. Talle sake is in ag geneem en daar was 'n sterk aanbeveling dat al die vergaderings in Pretoria moet plaasvind. Die bestuur het egter kennis geneem van die verwagtinge van sekere plattelandse gemeentes; naamlik dat die GHG nie 'n Pretoria gesentreerde bond ten opsigte van vergaderings is nie. Die besluit wat reeds geneem is met die stigting van die GHG dat alle gemeentes geleentheid sou kry om die GHG se Bondsvergadering aan te bied, moet eerbiedig word. Die dagbestuur het kennis geneem daarvan dat sekere gemeentes en dorpe nie oor die nodige fasiliteite beskik om die vergadering aan te bied nie. Nogtans is besluit alle gemeentes sal in volgorde van onafhanklikwording die geleentheid gebied word om die Bondsvergadering aan te bied. Die gemeentes wat die geleentheid bedank, se geleenthede sal in Pretoria aangebied word, steeds onder leiding van die gasheer gemeente se predikant. Schweizer Reneke se predikant en kerkrAAD het die uitnodiging

om die Bondsvergadering aan te bied, aanvaar. Die vergadering vind dus hierdie jaar daar plaas. Die dagbestuur wil besluite eerbiedig. Dit staan die komende Bondsvergadering vry om ander besluite te neem.

BONDSDAMESBYEENKOMS

Alle dames word hartlik uitgenooi na die Bondsdamesbyeenkoms wat, soos gewoonlik, op die Maandag van die Bondsvergadering plaasvind. Teken dus gerus die volgende datum in u dagboek aan:
Maandag, 4 September 2017
te Schweizer- Reneke

BYBELVASVRAE

Ds van Rooyen laat weet: Geagte Leraar, ouderlinge, diakens en lidmate. Ek wil langs hierdie weg graag die inligting deurgee aangaande die Bybelvasvra 2017. U moet my asb. teen 29 Mei 2017 in kennis stel van die hoeveelheid spanne in u gemeentes wat gaan deelneem. Stuur asb. vir my 'n e-pos met u gemeente naam, streek en hoeveelheid spanne in elke kategorie na davr@vodamail.co.za.

Ek sluit die inligting hierby in.

1. Kategorieë:

- Laerskool
Graad 1 tot 7
- Hoërskool
Graad 8 tot 11
- Ander: Matrieks en alle ander lidmate tot 120 jaar oud.

2. Spanne:

- 'n Span bestaan uit 2 tot 6 deelnemers per span
- Span moet 'n spannaam hê en elke spanlid se naam en van en ouderdom moet op die vraestel aangedui word.

<p>3. Datums</p> <p>Gemeente vaspvra: 30 Julie. 2017</p> <p>Streeksvasvra: 13 Augustus. 2017</p> <p>Finaal: 27 Augustus. 2017</p> <p>4. Bestek:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Laerskool: o 1 Timoteus • Hoërskool en Ope afdeling: o 1 en 2 Timoteus o HK Sondae 31 tot 44 (Vraag en Antwoord 83 tot 115) <p>5. Vraestelle:</p> <p>Vraestelle in al die onderskeie rondtes moet die volgende afdelings insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> A. Laerskool <ul style="list-style-type: none"> • Meervoudige keuse (10 punte) • Waar of vals (10 punte) • Vul die ontbrekende woorde in (10 punte) • Blokkiesraaisel (10 punte) • Kort 1 punt antwoorde (10 punte) B. Hoërskool en Ope afdeling: <ul style="list-style-type: none"> • Meervoudige keuse (15 punte) • Waar of vals (15 punte) • Vul die ontbrekende woorde in (20 punte) • Blokkiesraaisel (15 punte) • Kort 1 punt antwoorde (15 punte) • Vrae wat 2 of meer punte tel. (20 punte) <p>LET WEL: GEMEENTE RONDTE SE VRAESTELLE WORD DEUR DIE GEMEENTE SELF OPGESTEL .</p> <p>VERDERE REËLINGS RONDOM STREEKSVASVRA EN FINALE RONDTE SAL NOG DEURGEGEE WORD</p> <p>MAKWASBYEENKOMS 2017</p> <p>Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante vind plaas te Premiermyn DV 9 Junie 2017.</p>

Maak die datum nou al vas. Uitnodigings is gestuur, kontak asseblief vir Yvette Otto indien u nog nie 'n uitnodiging ontvang het nie. Diensdoenende predikante en hul gades is ook welkom, RSVP asseblief vroegtydig. Tydens die geleentheid sal die boekbekendstelling van "Ek en ons glo" plaasvind. Ons ontvang graag alle leraars.

KOMMENTAAR BESKIKBAAR

Die kern van die geloof wat ons bely, is reeds meer as 20 eeue oud. Tog stem ons en die eerste Christene saam. Dit wat ons glo, is dit wat aan hulle toevertrou is en wat hulle geglo het. Hoe werk dit? "EK EN ONS GLO" is die boek wat ons help om ons eie belydenis te verstaan. Ons word ook by die werk en elders getoets oor ons geloof. Hierdie boek sal ons help om met oortuiging die waarheid aan almal rondom ons te verduidelik. Geskryf in verstaanbare Afrikaans, is hierdie boek 'n baie handige instrument in ons wapenrusting van die geloof.

Die kommentaar op die Apostolicum is beskikbaar @R140 per eksemplaar.
jotto1@absamail.co.za.

082 767 7891

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op whatsapp beskikbaar.

DANKBUNDEL

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto onder)

Elke gemeente word versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word tydens die GHG-byeenkoms getrek.

Hoe vorder u gemeente se lootjieverkope?

Het u al lootjies geneem?

Geloofsbond Kwilt 2017/2018

Hierdie jaar gaan ons 2 enkelbed kwilte maak- Een vir 'n seuntjie en een vir 'n dogtertjie. Ons vra weer blokke van die gemeentes wat ons dan aanmekaar sal sit en die kwilt voltooi.

Vir 'n blok vra ons die volgende: Sny 'n blok 27 cm x 27 cm uit 'n bont katoen materiaal in skakerings van pienk vir die dogtertjie en blou vir die seuntjies. Vat die blok en sit iets daarop – 'n ontwerp soos bv. 'n hartjie, blommetjie, skoenlapper ens. wat jy kan kwilt, appliek, borduur met die hand of masjen. Of jy stik net mooi kant of lint daarop of versier dit met siersteke van jou masjen. Moet asseblief nie die blokke stryk nie. Wanneer die blokke klaar is moet dit

teen einde Mei aan Oostelike Pietersburg besorg word..

Vir enige navrae kontak Ansie Steyn (083 630 1107)

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Koersvas het die volgende skrywe ontvang rakende Angus Buchan. Dit is in reaksie op die vorige skrywe en word sonder kommentaar geplaas. Die Redaksie stem nie noodwendig met die inhoud saam nie. Verskoon die Engels, maar dit is die konteks waarbinne dit verskyn het.

Dear Grant,

My “anger” regarding the audacity of Angus Buchan to “export” his business to within a few kilometres from where I live in Ireland prompted me to look a bit deeper into his “business plan”. I am sure that you might be aware of some or all of his tactics, but I felt to share with you.

Besides having a basic message that is just slightly altered (depending on the geographical and political location) he has a well planned infrastructure to market and protect himself from criticism and being exposed as a con artist. Listed are just a few that are easily picked up by spending a few hours on the internet (of course some were seen and heard at an event I attended).

1) Flattery of his audience:

This is praising the locals and telling them that God has shown him that they (the locals) are part of God's plan to bring about revival to their own country or overseas countries. He hints that they should be willing to "pay the price" of helping by becoming involved. Virtually without fail he flatters the audience by telling them how good they are in certain things (religion or sport, etc). In Ireland he flattered the audience by telling them how difficult it is for the Springboks to beat them at rugby. (Statistics show that Ireland has only managed 4 wins and one draw out of 21 matches – all on home ground). He tells the audiences that he has a "special feeling or love" for them. When in USA he said that in future he is cancelling all visits to other countries as he will focus on bringing revival to the USA. (Cue for an AMEN). Skimming through videos this theme is repeated over and over again.

2) "Soaking music and song" – to prepare the minds for manipulation during his charismatic oration. At the event I attended some popular Irish songs were adapted "to become Christian" songs. This tactic is used by many if not all mega-preachers. These performers are then flattered and praised so as to enforce the "love he has for them".

3) The "Amplified AMEN" chant: This tactic is used to make the audience become involved and it is quite contagious unless you are like me that wants to throw up

4) Reciting the same bible verses over and over again at all meetings. He has the "Top Twenty List" of verses that makes his pseudo-christianity seem plausible.

5) Preferring outdoor venues where the wind, clouds, majestic scenery, etc, play into his choreographed presentation. A change

in the winds behaviour suits "Oom Angus" down to the ground – he can attribute this to God and the presence of either Jesus (nogal) or the Holy Spirit.

6) Editing team to help edit videos before they go online: This editing is obvious once you have discerned the deception that is taking place.

7) Controlling his "Internet Presence" It is not rocket science to see that he creates a website for different countries with a different Url. His online marketing strategy is most likely his best advertisement ploy to prevent cross referencing critics to expose him. "Angus Buchan" site, "Shalom ministries" site, "Mighty Men USA" site, "Together for Ireland"

site, <http://www.ents24.com/uk/tour-dates/angus-buchan>, and other partnered sites. He has people or associates that help him with website design and other ways of maximizing attendances at his events.

8) Sympathy or "heart strings" ploy

:Regularly says "I have been weeping" for various people, events, or "I have left my wife behind" to come to be with you today/tonight (nogal).

9) Editing comments and not replying to queries: Due to his control of the websites and comments section he is able to discard any negatives on most searches for info on Angus Buchan.

10) Adopted children: He regularly points out that he has (at present 27 adopted children) – these being of course not living under the same roof in his "original mud and wattle" house that he built when he relocated from Zambia.

11) Using his attire to make him stand out: The familiar (by now) "cowboy with the black hat" image that he employs at all public appearances. His websites and partner

organizations use this “logo” to promote his events and media merchandise.

12) The agricultural manual:

He equates the Bible to his farming manual (or daily business manual). He says that the Bible tells him when to plant and when to sell livestock and implies that whatever business you are in “it will work for you and make you successful”.

13) His team’s word on criticism:

On his site/s his team say that- “He still lives in the original mud and wattle house and still drives the same car (nogal) and does not even have medical aid (this is an attempt to plead no financial gain from his “religious activities”).

14) The inevitable “Donate option” on websites. As we know all con artists would have you donate to a perceived good cause, and what better cause than a “godly cause”.

15) Praying in public: This is obvious to the few, but “a sign of a “Godly man” (read Pharisee). It is notable that he prays when in full sight (if possible before being “invited” by the master of ceremonies to speak).

16) Multiple bank accounts: This is not unexpected as banking into different accounts (even for so-called charitable tax exempt entities) is one that most crooks

would employ. Shalom Ministries has two accounts listed on same website, both in Greystown at different banks.

17) And last but not least – “Claiming miracles” for dummies As supernatural happenings cannot be tested by physical means it is also difficult to identify fact from fiction. Only the very gullible or brain washed would actually believe the “raising from the dead” and “cured of two heart attacks within 15 minutes” that is alluded to in “The Tales of Angus Buchan”

The above is not exhaustive, but it does cover a fair amount of well orchestrated “Buchanistic Business Principles” which are not unique to Oom Angus.

I would appreciate a short response if you feel I have missed any notable tactics (apart from the apostasy) that he uses to add to my list (which will probably grow with time). It is amazing how people that have been blinded would say that it is “not Christian” to point out a deceiver and there should be unity in the church. I agree that one should not be consumed by fighting deception, but a warning to examine things that concern us and the flock?

Regards,
Adam Smith